(b) Vir die aansluiting of heraansluiting van die tovoer na die staking daarvan weens wanbetaling van rekenings of 'n oortreding van hierdie regulasies: 10s. gedurende kantoorure en £1 na kantoorure.	
4. Deposito's.	
Die tarief vervat in paragraaf (a) van subartikel (1) van artikel 23 is nie op die Gesondheidskomitee van Phalaborwa van toepassing nie, maar wel die volgende:—	
(a) Vir huishoudelike-, besigheids- of nywerheidsdoeleindes ...	2 0 0
(b) Vir boudoelindes ...	5 0 0
5. Vorderings vir werk: Die vorderings vir alle werk waarvoor die Komitee aanspreeklik is en waarvoor geen geldie in hierdie tariewe vasgestel is nie, bestaan uit die koste van die materiaal, arbeid en toesig.	

	£ s. d.		£ s. d.
6. For repairing leaking taps where no plumber is available in town— per tap 0 5 0"		6. Vir die herstel van krane wat lek waar die dienste van 'n loodgieter nie beskikbaar is in die dorp nie— per kraan 0 5 0"	

Administrator's Notice No. 357.]

[4 May 1960.

MUNICIPALITY OF KOSTER.—LOCATION REGULATIONS.

The Administrator hereby, in terms of sub-section (5) of section *thirty-eight* of the Natives (Urban Areas) Consolidation Act, 1945, read with section *one hundred and one* of the Local Government Ordinance, 1939, publishes the regulations set forth in the Schedule hereto, which have been approved by him and the Minister of Native Affairs in terms of sub-section (5) of section *thirty-eight* of the said Act.

T.A.L.G. 5/61/61.

SCHEDULE.**MUNICIPALITY OF KOSTER.—LOCATION REGULATIONS.****CHAPTER 1.****GENERAL.****Definitions.**

1. In these regulations, unless inconsistent with the context—

“Act” means the Natives (Urban Areas) Consolidation Act, 1945 (Act No. 25 of 1945), as amended;

“Advisory Board” in relation to any location means the Native Advisory Board constituted for such location in terms of these regulations;

“Council” means the Village Council of Koster;

“family”, in relation to a site or residential permit holder, means—

(a) the wife and all unmarried children under the age of 18 years of such holder;

(b) all unmarried or widowed daughters of such holder, and their children, residing with the said holder; and

(c) any parent or grandparent of such holder or of the wife of such holder who by reason of old age, weakness or other disability is dependent on such holder;

“location” means any area defined, set apart and laid out as a location or Native village or as an extension of a location or Native village by the Council with the approval of the Minister in terms of paragraphs (a) or (b) of sub-section (1) of section *two* of the Act;

“medical officer” means the medical officer of health of the Council;

“Native Commissioner” means the Native Commissioner having jurisdiction;

“registered occupier” means any person to whom a site, residential or lodger’s permit has been issued in accordance with these regulations;

“returning officer” means the person appointed by the Council to exercise the powers and perform the duties assigned to returning officers by these regulations;

“superintendent” means the officer appointed and licensed under the provisions of sub-section (1) of section *twenty-two* of the Act for the management of the location;

“urban area” means the urban area of Koster.

Application.

2. Except where otherwise indicated, these regulations shall apply to a location only.

Revocation of Regulations.

3. The Location Regulations published under Administrator's Notice No. 181, dated the 22nd April, 1931, as amended, are hereby revoked.

Administrator'skennisgewing No. 357.]

[4 Mei 1960.

MUNISIPALITEIT KOSTER.—LOKASIE-REGULASIES.

Die Administrateur publiseer hierby ingevolge die bepalings van subartikel (5) van artikel *agt-en-dertig* van die Naturelle (Stadsgebiede) Konsolidasiewet, 1945, gelees met artikel *honderd-en-een* van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, die regulasies in die bygaande Bylae uiteengesit wat deur hom en die Minister van Naturelle-sake goedgekeur is ingevolge die bepalings van subartikel (5) van artikel *agt-en-dertig* van genoemde Wet.

T.A.L.G. 5/61/61.

BYLAE.**MUNISIPALITEIT KOSTER.—LOKASIEREGULASIES.****HOOFSTUK 1.****ALGEMEEN.****Woordomskrywing.**

1. In hierdie regulasies, tensy strydig met die sinsverband, beteken—

“Adviserende Komitee”, met betrekking tot 'n lokasie, die Adviserende Naturellekomitee wat vir so 'n lokasie ingevolge hierdie regulasies saamgestel is; „geregistreerde bewoner”, die persoon aan wie 'n perseel-, woon- ofloseerderspermit ooreenkomsdig hierdie regulasies uitgereik is; „gesin”, met betrekking tot die houer van 'n perseel- of woonpermit—

(a) die vrou en alle ongetrouwe kinders onder die ouderdom van 18 jaar van sodanige houer;

(b) alle ongetrouwe of weduweedogters van die houer van die perseel- of woonpermit wat by sodanige houer woon en hulle kinders onder 18 jaar; en

(c) enige ouer of grootouer van sodanige houer of van die vrou van sodanige houer wat weens hoë ouderdom, swakheid of enige ander ongeskiktheid van sodanige houer afhanglik is;

„kiesbeampte”, die persoon wat deur die Raad benoem is om die bevoegdhede en pligte uit te oefen wat ingevolge hierdie regulasies aan kiesbeamptes toege wys word;

„lokasie”, 'n gebied wat omskryf, afgesonder en uitgelê is as 'n lokasie of Naturelledorp of as 'n uitbreiding van 'n lokasie of Naturelledorp deur die Raad met die goedkeuring van die Minister ingevolge paragraaf (a) of (b) van subartikel (1) van artikel *twee* van die Wet;

„mediese beampte”, die mediese gesondheidsbeampte van die Raad;

„Naturellekommissaris”, die Naturellekommissaris met regsbevoegdheid;

„Raad”, die Dorpsraad van Koster;

„stadsgebied”, die stadsgebied van Koster;

„superintendent”, die beampte wat, ingevolge die bepalings van subartikel (1) van artikel *twee-en-twintig* van die Wet vir die bestuur van die lokasie aangestel en gelisensieer is;

„Wet”, die Naturelle (Stadsgebiede) Konsolidasiewet, 1945 (Wet No. 25 van 1945), soos gewysig.

Toepassing.

2. Tensy anders aangedui, is hierdie regulasies slegs in 'n lokasie van toepassing.

Herroeping van regulasies.

3. Die Lokasieregulasies afgekondig by Administrateurskennisgewing No. 181 van 22 April 1931, soos gewysig, word hierby herroep.

CHAPTER 2.

LOCATION ADMINISTRATION.

Appointment and Duties of Superintendent.

1. (1) The Council shall appoint the superintendent to manage the location.

(2) The superintendent shall assume management only after he has been licensed in terms of sub-section (1) of section *twenty-two* of the Act, and on being so licensed he shall be responsible for the management and administration of the location as required by these regulations and in accordance with such lawful instructions as he may from time to time receive from the Council.

(3) The superintendent shall reside at a place approved by the Council and shall receive all complaints, representations or recommendations that may from time to time be made by the inhabitants of the location and shall, where necessary, lay such before the Council.

Superintendent's Report.

2. The superintendent shall, not less than once in every three months or when otherwise required by the Council, report in writing to the Council in regard to the conditions, health and management of the location. Such reports shall be available for inspection by an officer appointed under sub-section (3) of section *twenty-two* of the Act and by any member of the Advisory Board.

Posting of Regulations.

3. The superintendent shall cause a copy in English and Afrikaans and in the Native language most commonly used in the location of all regulations, orders or instructions relating to control, management and use of the location to be posted and maintained in a conspicuous place at the office of the superintendent for the information of the inhabitants.

The Medical Officer's Report.

4. The medical officer shall annually on the 30th June, report in writing to the Council on the health and sanitary conditions of the location. Copies of every such report shall be forwarded after consideration and with the Council's comments thereon to the Administrator of the Province and to the Secretary for Native Affairs.

Site Permits.

5. (1) Every male person over the age of 18 years who is the head of a family and desirous of taking up his residence in the location together with the members of his family and of erecting therein a dwelling or of acquiring therein a dwelling otherwise than by hiring from the Council, shall apply in person to the superintendent for a permit, hereinafter called a site permit.

(2) The superintendent on being satisfied that—

- (a) a suitable site is available in an area set aside for the ethnic group to which the applicant belongs;
- (b) the applicant is a fit and proper person to reside in the location;
- (c) the applicant is employed or is following some lawful occupation or calling within the urban area;
- (d) the applicant is lawfully permitted to enter, be and remain in the urban area;
- (e) the applicant is not required to obtain any permission under section *twelve* of the Act; and
- (f) the applicant (if he intends to erect a dwelling) is financially able and willing to erect within the location within a prescribed period a dwelling of the standard laid down by the Council;

shall allot such site to the applicant and issue to him a site permit.

HOOFTUK 2.

LOKASIEADMINISTRASIE.

Aanstelling en pligte van superintendent.

1. (1) Die Raad stel die superintendent aan om die lokasie te bestuur.

(2) Slegs nadat hy kragteens subartikel (1) van artikel *twee-en-twintig* van die Wet gelisensieer is, mag die superintendent die bestuur aanvaar, en sodra hy aldus gelisensieer is, is hy verantwoordelik vir die bestuur en administrasie van die lokasie, soos ingevolge hierdie regulasies vereis word en ooreenkomsdig sodanige wettige voorstukke as wat hy van tyd tot tyd van die Raad ontvang.

(3) Die superintendent moet op 'n plek woon wat deur die Raad goedgekeur is en moet alle klages, vertoe of aanbevelings wat van tyd tot tyd deur die bewoners van die lokasie tot hom gerig word, aanhoor en, waar dit nodig blyk, moet hy sodanige klages, vertoe of aanbevelings aan die Raad voorlê.

Die Superintendent se verslag.

2. Minstens een maal elke drie maande, of wanneer dit deur die Raad van hom verlang word, moet die superintendent aan die Raad skriftelik verslag doen betreffende die toestande, gesondheid en bestuur van die lokasie. Sodanige verslae moet vir inspeksie deur 'n amptenaar wat ingevolge subartikel (3) van artikel *twee-en-twintig* van die Wet aangestel is, en deur enige lid van die Adviserende Komitee beskikbaar wees.

Aanplak van regulasies.

3. Die superintendent moet vir die inligting van die inwoners 'n afskrif van alle regulasies, bevele of voorskrifte wat betrekking het op die beheer oor, bestuur en gebruik van die lokasie in Engels en Afrikaans en in die Natureeltaal wat deur die meeste persone in die lokasie gebesig word, op 'n opvallende plek by die kantoor van die superintendent laat aanplak en in stand hou.

Die mediese beampie se verslag.

4. Die mediese beampie moet jaarliks op 30 Junie skriftelik verslag doen aan die Raad oor die sanitêre en gesondheidstoestande van die lokasie. Na oorweging moet afskrifte van elke sodanige verslag, tesame met die Raad se opmerkings daaroor, aan die Administrateur van die Provinsie en aan die Sekretaris van Naturellesake gestuur word.

Perseelpermitte.

5. (1) Elke manlike persoon bo 18 jaar oud wat die hoof is van 'n gesin en wat hom in die lokasie wil vestig tesame met die lede van sy gesin en 'n woning daarin wil oprig, of 'n woning daarin wil verkry wat nie van die Raad gehuur word nie, moet persoonlik by die superintendent aansoek doen om 'n permit, hierna 'n perseelpermit genoem.

(2) As die superintendent daarvan oortuig is dat—

- (a) 'n gesikte perseel beskikbaar is in die gebied wat vir die Etniese groep, waartoe die applikant behoort, opgesygesit is;
- (b) die applikant 'n gesikte persoon is om in die lokasie te woon;
- (c) die applikant in diens is of 'n wettige ambag of beroep binne die stadsgebied uitgeoefen;
- (d) die applikant wettiglik toegelaat kan word om die stadsgebied binne te kom, daar te wees en daar te bly;
- (e) daar nie van die applikant vereis word om toestemming ingevolge artikel *twaalf* van die Wet te verkry nie; en
- (f) die applikant (indien hy 'n woning wil oprig) geldelik daartoe in staat en gewillig is om binne 'n voorgeskreve tydperk 'n woning van die standaard wat deur die Raad vasgestel is in die lokasie op te rig;

moet hy sodanige perseel aan die applikant toeken en 'n perseelpermit aan hom uitreik.

(3) Notwithstanding the provisions contained in sub-regulation (1) the superintendent may, subject to the conditions mentioned in paragraphs (a) up to and including (f) of sub-regulation (2) being fulfilled by the applicant allot a site and issue a site permit to an adult female who has dependants to support, or to a male person under 18 years of age who has dependants to support: Provided that when a site permit is issued to a minor it shall be issued in the name of the guardian of the minor in trust for such minor during the period of minority.

(4) Every site permit issued in terms of sub-regulation (2) or (3) shall specify what building, structure or fence may be erected on the relevant site, and no other building, structure, fence or outhouse shall be erected on such site without the written permission of the superintendent.

(5) An allotted site shall be properly and adequately demarcated by the superintendent.

(6) The superintendent shall not allot more than one site to one person. For the purpose of this regulation an adult male and an adult female living together as man and wife shall be deemed to be one person.

(7) No site shall be allotted to any children who are not living apart from their parents or guardians.

(8) Any site allotted and any site permit issued under any of the regulations revoked by regulation 3 of Chapter 1 and not cancelled on the date of promulgation of these regulations shall be deemed to have been allotted or issued under these regulations.

Erection of Buildings, Fences, Outhouses or Other Structures.

6. (1) The Council shall from time to time issue to the superintendent written instructions regarding the method of construction and materials to be used in the construction of any dwelling, building, fence, outhouse or other structure in the location or in the repair, alteration or rebuilding of such dwelling, building, fence, outhouse or other structure: Provided that every dwelling or building shall conform to the provisions of section *one hundred and thirty* of the Public Health Act, 1919 (No. 36 of 1919), in regard to light and ventilation and that every apartment used for sleeping purposes shall conform to the provisions of the Second Schedule of the Slums Act, 1934 (No. 53 of 1934), in regard to floor and air space: Provided further that the Council shall furnish the superintendent with not less than one type plan of each of two-, three- and four-roomed dwellings, including kitchen, one of which shall be chosen by a holder of a site permit desirous of erecting a dwelling, unless such holder shall submit to the Council a plan accepted by the Council as being satisfactory.

(2) No person shall incorporate in any dwelling, building, fence, outhouse or other structure any material which has not received the prior approval of the superintendent who shall approve only of such material as has not been already used or, having been used, is of good quality and in good condition.

(3) The superintendent shall cause the erection, alteration, repair or rebuilding of any dwelling, building, fence, outhouse or other structure to be effectively supervised and shall order or cause to be demolished any dwelling, building, fence, outhouse or other structure or any portion thereof which has not been constructed under written authority or according to any instructions issued and plans and materials approved in terms of sub-regulations (1) and (2) or of any written notice issued in terms of paragraph (d) of sub-regulation (1) of regulation 11, should the holder of the site permit on whose site such dwelling, building, fence, outhouse or other structure is erected fail, refuse or neglect to carry out any order given by the superintendent to demolish such dwelling, building, fence, outhouse or other structure.

(3) Nieteenstaande die bepalings van subregulasie (1) kan die superintendent, mits die applikant voldoen aan die voorwaardes wat in paragrafe (a) tot en met (f) van subregulasie (2) uiteengesit is, 'n perseel toeken en 'n perseelpermit uitrek aan 'n volwasse vrou wat afhanglik het om te onderhou, of aan 'n manlike persoon onder 18 jaar oud wat afhanglik het om te onderhou: Met dien verstande dat wanneer 'n perseelpermit aan 'n minderjarige uitgereik word, dit op naam van die voog van die minderjarige in trust vir sodanige minderjarige gedurende die termyn van minderjarigheid uitgereik moet word.

(4) Elke perseelpermit wat kragtens subregulasie (2) of (3) uitgereik word, moet aandui watter gebou, bouwerk of heining op die betrokke perseel opgerig kan word, en geen ander gebou, bouwerk, heining of buitegebou mag sonder die skriftelike toestemming van die superintendent op sodanige perseel opgerig word nie.

(5) 'n Toegewese perseel moet op behoorlike en doeltreffende wyse deur die superintendent afgebaken word.

(6) Die superintendent mag nie meer as een perseel aan een persoon toekeni nie. Vir die toepassing van hierdie regulasie word 'n manlike volwassene en 'n vroulike volwassene wat as man en vrou saamwoon, as een persoon beskou.

(7) Geen perseel mag aan kinders wat by hul ouers of voogde woon, toegeken word nie.

(8) Enige perseel toegeken en enige perseelpermit uitgereik ingevolge enige van die regulasies by regulasie 3 van Hoofstuk 1 herroep en wat nie op die datum van afkondiging van hierdie regulasies ingetrek is nie word geag ingevolge hierdie regulasies toegeken of uitgereik.

Oprigting van geboue, heinings, buitegeboue of ander bouwerke.

6. (1) Van tyd tot tyd moet die Raad aan die superintendent skriftelik voorskrifte uitrek aangaande die boumetode en die boustowwe wat gebruik moet word vir die bou van 'n woning, gebou, heining, buitegebou, of ander bouwerk in die lokasie of vir die herstel, verandering of herbouing van sodanige woning, gebou, heining, buitegebou of ander bouwerk: Met dien verstande dat enige woning of gebou, wat lig en ventilasie betref aan die bepalings van artikel *honderd-en-dertig* van die Volksgesondheidswet, 1919 (No 36 van 1919), en elke vertrek wat vir slaapdoeleindes gebruik word, wat vloer- en lugruimte betref, aan die bepalings van die Tweede Bylae van die Slumswet, 1934 (No. 53 van 1934), moet voldoen: Voorts met dien verstande dat die Raad aan die superintendent minstens een standaardplan van elk van twee-, drie- en vierkamerwonings, met inbegrip van die kombuis moet verskaf waarvan een plan gekies moet word deur die houer van 'n perseelpermit, wat 'n woning wil oprig, tensy sodanige houer aan die Raad 'n plan wat hy as bevredigend beskou, voorlê.

(2) Niemand mag by die bou van enige woning, gebou, heining, buitegebou of ander bouwerk enige boustowwe gebruik wat nie eers deur die superintendent goedgekeur is nie, en laasgenoemde moet slegs boustowwe wat nog nie tevore gebruik is nie, of wat, as hulle gebruik is, van goeie gehalte en in 'n goeie toestand is, goedkeur.

(3) Die superintendent moet sorg dat daar behoorlik toesig gehou word oor die oprigting, verandering, herstel of herbouing van 'n woning, gebou, heining, buitegebou of ander bouwerk en moet die sloping gelas of laat uitvoer van 'n woning, gebou, heining, buitegebou of ander bouwerk of 'n deel daarvan wat nie gebou is kragtens skriftelike magtiging ooreenkomsdig voorskrifte uitgevaardig en planne en boustowwe goedgekeur ingevolge subregulasies (1) en (2) of ooreenkomsdig enige skriftelike kennisgiving wat kragtens paragraaf (d) van subregulasie (1) van regulasie 11 uitgevaardig is nie, as die houer van die perseelpermit op wie se perseel sodanige woning, gebou, heining, buitegebou of ander bouwerk opgerig is, versuim, weier of nalaat om 'n bevel van die superintendent om sodanige woning, gebou, heining, buitegebou of ander bouwerk te sloop, uit te voer.

(4) Notwithstanding the provisions of sub-regulations (1), (2) and (3) the holder of a site permit shall be permitted to erect in a corner of a residential site allotted to him in a site-and-service scheme and to occupy, together with his family, any temporary structure which is impervious to rain, capable of securing privacy of family life and constructed of any material other than jute: Provided that as soon as a permanent dwelling is approved in terms of sub-regulation (1) of regulation 7 the provisions of the said sub-regulations (1), (2) and (3) shall apply in respect of any such temporary structure. For the purpose of this sub-regulation, a site-and-service scheme means a properly planned residential area within the location provided with rudimentary services and in which the holder of a site permit in respect of a site allotted to him in such area is permitted to erect a temporary structure in a corner of such site pending the erection of an approved dwelling.

Notification of Completion of Buildings.

7. (1) Every holder of a site or residential permit shall give notice to the superintendent of the completion of any new dwelling or building or of the alteration or rebuilding of any dwelling or building occupied by him, and no such building or dwelling shall be occupied or used until it has been inspected and approved by the superintendent.

(2) The provisions of sub-regulation (1) shall not apply in respect of any temporary structure erected in a corner of a residential site allotted to the holder of a site permit in a site-and-service scheme as defined in sub-regulation (4) of regulation 6.

Residential Permits.

8. (1) Every male person over the age of 18 years who is the head of a family and desirous of taking up residence in the location together with the members of his family and of occupying therein a dwelling erected or acquired by the Council shall apply in person to the superintendent for a permit, hereinafter called a residential permit, authorising his residence in the location and occupation of such dwelling.

(2) The superintendent on being satisfied that—

- (a) the applicant is a fit and proper person to reside in the location;
- (b) the applicant is bona fide employed within the urban area or is carrying on therein some lawful occupation;
- (c) the applicant is lawfully permitted to enter, be and remain in the urban area;
- (d) the applicant is not required to obtain any permission under section twelve of the Act;
- (e) the applicant, if he is to occupy a sub-economic dwelling, falls within the sub-economic group as determined by the Minister in terms of sub-section (1) bis of section twenty of the Act; and
- (f) a suitable dwelling which conforms to health requirements, as set out in sub-regulation (1) of regulation 6, in regard to the number of persons to be accommodated in such dwelling is available, in an area set aside for the ethnic group to which the applicant belongs;

and shall allot such dwelling to the applicant and issue to him a residential permit.

(3) Notwithstanding the provisions contained in sub-regulation (1) the superintendent may, subject to the conditions mentioned in paragraphs (a) up to and including (f) of sub-regulation (2) being fulfilled by the applicant, issue a residential permit to an adult female who has dependents to support or a male person under 18 years of age who has dependents to support: Provided that when a residential permit is granted to a minor it shall be issued in the name of the guardian of the minor in trust for such minor during the period of minority.

(4) Ondanks die bepalings van subregulasies (1), (2) en (3) is die houer van 'n perseelpermit gemagtig om 'n tydelike bouwerk wat vir reën ondeurdringbaar is, wat dit moontlik maak vir die gesinslewe om privaat te wees en wat van 'n ander materiaal as goeing saamgestel is in 'n hoek van 'n woonperseel wat in 'n erf-en-diensskema aan hom toegeken is, op te rig en om dit met sy gesin te bewoon: Met dien verstande dat sodra 'n permanente woning ingevolge subregulasie (1) van regulasie 7 goedkeur word, die bepalings van genoemde subregulasies (1), (2) en (3) ten opsigte van enige sodanige tydelike bouwerk van toepassing is. Vir die toepassing van hierdie subregulasie beteken 'n erf-en-diensskema 'n behoorlik beplande woongebied binne die lokasie wat voorsien is van rudimentêre dienste en waarin die houer van 'n perseelpermit toegelaat is om 'n tydelike bouwerk in 'n hoek van die perseel wat in so 'n gebied aan hom toegeken is op te rig totdat 'n goedkeurde woning opgerig kan word.

Daar moet van voltooiing van geboue kennis gegee word.

7. (1) Elke houer van 'n perseel- of woonpermit moet die superintendent daarvan in kennis stel sodra 'n nuwe woning of gebou of die verandering aan of herbouing van 'n woning of gebou deur hom bewoon, voltooi is, en geen sodanige gebou of wooning mag bewoon of gebruik word nie voordat dit deur die superintendent geïnspekteer en goedkeur is.

(2) Die bepalings van subregulasie (1) is nie van toepassing ten opsigte van 'n tydelike bouwerk in 'n hoek van 'n woonperseel wat aan die houer van 'n perseelpermit in 'n erf-en-diensskema soos onskryf in subregulasie (4) van regulasie 6 toegeken is nie.

Woonpermitte.

8. (1) Elke manlike persoon bo die ouderdom van 18 jaar wat die hoof is van 'n gesin en wat hom in die lokasie wil vestig tesame met die lede van sy gesin en wat in 'n huis wat deur die Raad opgerig of verkry is wil woon, moet persoonlik by die superintendent aansoe doen om 'n permit, hierna 'n woonpermit genoem, wat sy verblyf in die lokasie en bewoning van sodanige huis magtig.

(2) As die superintendent daarvan oortuig is dat—

- (a) die applikant 'n gesikte persoon is om in die lokasie te woon;
- (b) die applikant bona fide in diens is of 'n wettige ambag binne die stadsgebied uitoeft;
- (c) die applikant wettiglik toegelaat kan word om die stadsgebied binne te kom, daar te wees en daar te bly;
- (d) daar nie van die applikant vereis word om toestemming ingevolge artikel twaalf van die Wet te verkry nie;
- (e) die applikant, indien hy 'n subekonomiese woning gaan bewoon, binne die subekonomiese groep val soos deur die Minister ingevolge subartikel (1) bis van artikel twintig van die Wet bepaal; en
- (f) 'n gesikte woning wat ten opsigte van die getal persone wat in sodanige woning gehuisves moet word voldoen aan gesondheidsvereistes, soos in subregulasie (1) van regulasie 6 uiteengesit, beskikbaar is in 'n gebied wat vir die etniese groep waartoe die applikant behoort opsy gesit is;

moet hy sodanige woning aan die applikant toeken en 'n woonpermit aan hom uitreik.

(3) Nieteenstaande die bepalings van subregulasie (1) kan die superintendent, mits die applikant voldoen aan die voorwaardes wat in paragrafe (a) tot en met (f) van subregulasie (2) uiteengesit is, 'n woonpermit uitrek aan 'n volwasse vrou wat afhanglik het om te onderhou, of aan 'n manlike persoon onder 18 jaar oud wat afhanglik het om te onderhou: Met dien verstande dat wanneer 'n woonpermit aan 'n minderjarige toegeken word, dit op naam van die voog van die minderjarige in trust vir sodanige minderjarige gedurende die termyn van sy minderjarigheid uitgereik moet word.

(4) Any dwelling allotted and any residential permit issued under any of the regulations repealed by regulation 3 of Chapter 1 and not cancelled on the date of promulgation of these regulations shall be deemed to have been allotted or issued under these regulations.

Sub-letting or Transfer of Dwellings or Residence of Unauthorised Persons Therein.

9. (1) No dwelling or portion thereof referred to in any site or residential permit shall be sublet without the prior written permission of the superintendent: Provided that no such dwelling or portion thereof shall be sub-let in the first instance for a period of longer than six months, subject to such extensions as may be approved by the superintendent.

(2) No site or residential permit shall be transferred without the prior written permission of the superintendent, which permission shall be granted on the superintendent being satisfied that the transferee fulfils the conditions set out in paragraphs (a) up to and including (f) of sub-regulation (2) of regulation 5 in the case of a site permit or the conditions set out in paragraphs (a) up to and including (f) of sub-regulation (2) of regulation 8 in the case of a residential permit, and on payment by the transferee of the fees prescribed in these regulations.

(3) The holder of a site or residential permit shall not accommodate on the site or in the dwelling allotted to him any person who is not entitled to reside upon such site or in such dwelling.

Lodgers' and Visitors' Permits.

10. (1) No person other than the holder of a site or residential permit, or the family of either such holder, shall reside in the location unless he has first obtained a permit, hereinafter called a lodger's permit.

(2) The superintendent, on being satisfied that the applicant—

- (a) is a fit and proper person to reside in the location;
- (b) is bona fide employed within the urban area or is carrying on therein some lawful occupation;
- (c) is lawfully permitted to enter, be and remain within the urban area;
- (d) has not refused to accept accommodation in a dwelling, Native hostel or other quarters provided by the Council;
- (e) has obtained approved accommodation; and
- (f) if liable therefor, has paid, in advance, the fees prescribed in regulation 34;

shall issue to such applicant a lodger's permit: Provided that no unmarried child under 18 years of a lodger residing with its parent or parents shall be required to hold a lodger's permit: Provided further that in any special case where the applicant, by reason of old age, infirmity or similar incapacity, is unable to satisfy the requirements of paragraph (b) or (f) the Council may in its discretion authorise the issue or renewal of a lodger's permit as if the requirements of the said paragraphs had been satisfied.

(3) Every lodger's permit which has been issued before the promulgation of this regulation shall expire on the last day of the month next following such promulgation and may thereafter be renewed in the manner provided hereinafter as though it had been issued in terms of this regulation.

(4) Every lodger's permit issued in accordance with the provisions of sub-regulation (2) shall expire on the last day of the month in which it was issued.

(4) Enige woning toegeken en enige woonpermit uitgereik ingevolge enige van die regulasies by regulasie 3 van Hoofstuk 1 herroep en wat nie op die datum van afkondiging van hierdie regulasies ingetrek is nie, word geag ingevolge hierdie regulasies toegeken of uitgereik.

Onderverhuur of oordrag van wonings, of die woon van ongemagtige persone daarin.

9. (1) Geen woning of deel daarvan wat in 'n perseel of woonpermit vermeld word, mag onderverhuur word tensy skriftelike toestemming vooraf van die superintendent verkry is nie: Met dien verstande dat geen sodanige woning of deel daarvan in die eerste plek vir 'n termyn langer as ses maande onderverhuur mag word nie, onderworpe aan sulke verlengings as wat deur die superintendent goedgekeur word.

(2) Geen perseel- of woonpermit mag oorgedra word tensy skriftelike toestemming vooraf van die superintendent verkry is nie; hierdie toestemming word verleen sodra die superintendent daarvan oortuig is dat die persoon aan wie oorgedra word, voldoen aan die voorwaardes uiteengesit in paragrafe (a) tot en met (c) van subregulasië (2) van regulasie 5 in die geval van 'n perseelpermit, of aan die voorwaardes uiteengesit in paragrafe (a) tot en met (d) van subregulasië (2) van regulasie 8 in die geval van 'n woonpermit, en teen betaling deur sodanige persoon, aan wie oorgedra word, van die gelde wat in hierdie regulasies voorgeskryf word.

(3) Die houer van 'n perseel- of woonpermit mag niemand op die perseel of in die woning aan hom toegeken, huisves, wat nie geregtig is om op sodanige perseel of in sodanige woning te bly nie.

Loseerders- en besoekerspermisse.

10. (1) Niemand, behalwe die houer van 'n perseelpermit, of die houer van 'n woonpermit, of die gesin van een van beide sodanige houers, mag in die lokasie woon tensy hy eers 'n permit, hierna 'n loseerderspermit genoem, verkry het nie.

(2) As die superintendent daarvan oortuig is dat die applikant—

- (a) 'n gesikte persoon is om in die lokasie te woon;
- (b) bona fide in diens binne die stadsgebied is of 'n wettige ambag daarin uitoefen;
- (c) wettiglik toegelaat kan word om die stadsgebied binne te kom, daar te wees en daar te bly;
- (d) nie geweier het om huisvesting in 'n woning, Naturelle-tehuis of ander kwartiere wat deur die Raad verskaf word, te aanvaar nie;
- (e) huisvesting verkry het wat goedgekeur is; en
- (f) indien hy daarvoor aanspreeklik is, die gelde wat in regulasie 34 voorgeskryf word, vooruitbetaal het;

moet hy aan sodanige applikant 'n loseerderspermit uitreik: Met dien verstande dat dit van geen loseerder se ongetroude kind onder 18 jaar, wat by sy ouer of ouers woon, vereis word dat hy 'n loseerderspermit moet hê nie: Voorts met dien verstande dat in enige spesiale geval waar die applikant weens hoë ouerdom, gebreklikeheid of dergelyke ongeskiktheid nie aan die vereistes van paragraaf (b) of (f) kan voldoen nie, die Raad volgens goeddunke die superintendent kan magtig om die aansoek om uitreiking of hernuwing van 'n loseerderspermit te behandel asof die vereistes van genoemde paragrafe wel na gekom is.

(3) Elke loseerderspermit wat voor die afkondiging van hierdie regulasie uitgereik is, vervalt op die laaste dag van die maand wat op sodanige afkondiging volg en kan daarna hernieu word op die wyse wat hierna voorgeskryf word, asof dit ingevolge hierdie regulasie uitgereik is.

(4) Elke loseerderspermit wat ooreenkomsdig die bepalings van subregulasië (2) uitgereik is, vervalt op die laaste dag van die maand waarin dit uitgereik is.

(5) Every lodger's permit may be renewed on application, within three days of the date of expiry, to the superintendent who, if he is satisfied that the applicant fulfils the conditions set out in paragraphs (a) up to and including (f) of sub-regulation (2) shall renew such lodger's permit. Any permit so renewed shall expire on the last day of the month in which it is renewed.

(6) Every lodger's permit shall show therein—

- (a) the name of the holder;
- (b) the names of any children under the age of 18 years of such holder;
- (c) the name of the site or residential permit holder authorised to accommodate the holder of such lodger's permit and his children mentioned herein; and
- (d) the number of the site or dwelling where the holder of such lodger's permit and his children mentioned therein are accommodated:

Provided that where a wife residing with her husband is required to obtain a lodger's permit, the names of any children referred to in paragraph (b) shall be shown in the husband's lodger's permit only.

(7) No holder of a lodger's permit shall reside at any site or dwelling other than that shown in his lodger's permit.

(8) Any person who desires to enter, be or remain in the location temporarily shall obtain a permit, hereinafter called a visitor's permit, from the superintendent or from any other person duly authorised by the superintendent to issue in his absence any such permit. Any person found within the location without a visitor's permit may be ordered by the superintendent or any official authorised by him, to leave the location forthwith.

The provisions of this sub-regulation shall not apply to any person authorised by law to reside in the location, or to any member, official or employee of the Council or an authorised officer or any member of the South African Police in the lawful execution of his duty, or to any medical practitioner, or minister of religion belonging to a church recognised by the Government, in the lawful following of his profession, or to any person by law or lawful authority required to enter, be or remain in the location: Provided that where such minister of religion resides or is to reside on any site, allotted or leased to the church to which he belongs, the provisions of sub-regulation (1) shall apply.

Cancellation of Site or Residential Permits.

11. (1) Any site permit may, on the superintendent giving the holder thereof not less than one month's notice in writing of his intention to do so, be cancelled by the superintendent on such holder—

- (a) being, for a continuous period of more than one month before the issue of such notice, unemployed or not following within the urban area some lawful occupation or calling; or
- (b) being employed for a period of more than one month outside the urban area; or
- (c) failing without reasonable cause to complete any building, structure or fence on the relative site within the period stipulated by the superintendent; or
- (d) having received written notice from the Council acting upon the written report of the medical officer to repair, alter, rebuild or demolish any dwelling, building, outhouse, fence or other structure, failing, refusing or neglecting within three months of the date of receipt of such notice and without reasonable cause to carry out such instructions; or

(5) Elke loseerderspermit kan hernieu word as daar binne drie dae na die vervaldatum aansoek gedoen word by die superintendent wat, as hy daarvan oortuig is dat die applikant voldoen aan die voorwaardes wat in paragrafe (a) tot en met (f) van subregulasie (2) uiteengesit is, sodanige loseerderspermit moet hernieu. 'n Permit aldus hernieu, verval op die laaste dag van die maand waarin dit hernieu is.

(6) Elke loseerderspermit moet—

- (a) die naam van die houer;
- (b) die name van enige kinders onder die ouderdom van 18 jaar van sodanige houer;
- (c) die naam van die houer van die perseel- of woon-permit, wat gemagtig is om die houer van sodanige loseerderspermit en sy kinders wat daarin vermeld word, te huisves; en
- (d) die nommer van die perseel of woning waar die houer van sodanige loseerderspermit en sy kinders wat daarin vermeld word, gehuisves is, dra:

Met dien verstande dat waar dit van 'n vrou wat saam met haar man woon, verwag word om 'n loseerderspermit te verkry, die name van die kinders vermeld in paragraaf (b) slegs in die man se loseerderspermit aangeteken word.

(7) Geen houer van 'n loseerderspermit mag op enige ander perseel of in enige ander woning as die wat in sy loseerderspermit aangedui word, woon nie.

(8) Enigeen wat die lokasie tydelik wil binnegaan of tydelik daarin wil wees of bly, moet 'n permit, hierna 'n besoekerspermit genoem, van die superintendent of van 'n ander persoon kry wat behoorlik deur die superintendent gemagtig is om tydens sy afwesigheid enige sodanige permit uit te reik. Enigeen wat sonder 'n besoekerspermit in die lokasie gevind word, kan deur die superintendent of 'n beampete wat deur hom gemagtig is, gelas word om die lokasie onverwyld te verlaat.

Die bepalings van hierdie subregulasie is nie van toepassing op enigeen wat by wet gemagtig is om in die lokasie te woon of op enige lid, beampete of werknemer van die Raad of enige gemagtigde beampete of lid van die Suid-Afrikaanse Polisie in die wettige uitvoering van sy plig, of op enige praktiserende geneesheer, of predikant van 'n kerk wat deur die Staat erken word, in die wettige uitoefening van sy beroep, of op enigeen wat by wet of kragtens wettige magtiging die lokasie moet binnegaan of daarin moet wees of bly nie: Met dien verstande dat waar sodanige predikant op enige perseel, wat aan die kerk waartoe hy behoort, toegeken of verhuur is, woon of gaan woon, die bepalings van subregulasie (1) van toepassing is.

Intrekking van perseel- of woonpermitte.

11. (1) Enige perseelpermit kan, nadat die superintendent die houer daarvan minstens een maand van sy voorneme kennis gegee het, deur die superintendent ingetrek word as sodanige houer—

- (a) vir 'n ononderbroke tydperk van meer as een maand voor die uitreiking van sodanige kennisgewing werkloos was of nie 'n wettige ambag of beroep binne die stadsgebied uitgeoefen het nie; of
- (b) vir 'n tydperk van meer as een maand buite die stadsgebied in diens was; of
- (c) sonder grondige rede versuim om binne die tydperk wat deur die superintendent bepaal is enige gebou, bouwerk of heining op die betrokke perseel te voltooi; of
- (d) nadat hy skriftelike kennisgewing van die Raad, handelende volgens die skriftelike verslag van die mediese beampete, ontvang het om 'n woning, gebou, buitegebou, heining of ander bouwerk te herstel, te verander, te herbou, of te sloop, binne drie maande na die "datum" waarop sodanige kennisgewing ontvang is en sonder grondige rede versuim, weier, of nalaat om sodanige voorskrifte uit te voer; of

(e) leaving for a period of more than one month without the written permission of the superintendent, the site in respect of which the site permit was issued; or

(f) no longer being lawfully permitted to remain in the urban area;

and on such cancellation of the site permit the holder thereof and all members of his family shall forthwith leave the location.

(2) Any residential permit may, on the superintendent giving the holder thereof not less than one month's notice in writing of his intention to do so, be cancelled by the superintendent on such holder—

(a) being, for a continuous period of more than one month before the issue of such notice, unemployed or not following within the urban area some lawful occupation or calling; or

(b) being employed for a period of more than one month outside the urban area; or

(c) leaving for a period of more than one month without the written permission of the superintendent, the dwelling in respect of which the residential permit was issued; or

(d) being the occupier of a sub-economic dwelling, ceasing in the opinion of the Council to fall within the sub-economic group as determined by the Minister in terms of sub-section (1) *bis* of section twenty of the Act; or

(e) no longer being lawfully permitted to remain in the urban area;

and on such cancellation of the residential permit the previous holder thereof and all members of his family shall forthwith leave the location: Provided that when any permit is cancelled on the grounds set out in paragraph (d) suitable alternative accommodation in a dwelling erected from economic housing funds shall first be offered such holder in default whereof the superintendent shall, on prepayment by such holder of the rental prescribed for the dwelling in respect of which such permit was issued allow such holder to continue in occupation of such dwelling.

(3) Any person who has held any site permit which has been cancelled and who has erected improvements or acquired an interest in any improvement erected on the site referred to in his permit, shall have the right, before the date of coming into operation of the cancellation of such permit, to remove such improvements from the site or to dispose of his interest in such improvements to a purchaser approved by the Council: Provided that such holder shall have the right to sell such interest to the Council at a price, in default of agreement, to be determined by the Native Commissioner. Should such holder or the Council be dissatisfied with the Native Commissioner's determination the Council shall dispose of such interest by public auction.

(4) Should any person who has held any site permit which has been cancelled fail, neglect or refuse to avail himself of the right set out in this regulation, the Council shall acquire or dispose of such holder's interest at a price to be fixed in consultation with the Native Commissioner and after deducting the amount of any fees due and any expenses incurred the Council shall pay the balance to such holder: Provided that should the Council and the Native Commissioner be unable to come to an agreement in regard to the price referred to in this sub-regulation, the Council shall dispose of such interest by public auction.

(5) In the event of the death of any permit holder referred to in sub-regulations (3) and (4), the person entitled by law to administer the estate of such holder shall have the same rights under sub-regulations (3) and (4) in respect of the removal, sale or disposal of improvements as such holder.

(e) die perseel ten opsigte waarvan die perseelpermit uitgereik is, vir 'n tydperk van meer as een maand sonder die skriftelike toestemming van die superintendent verlaat is; of

(f) nie langer wettiglik toegelaat om in die stadsgebied te bly nie;

en by sodanige intrekking van die perseelpermit moet die houer daarvan en alle lede van sy gesin die lokasie onverwyld verlaat.

(2) Enige woonpermit kan, nadat die superintendent die houer daarvan skriftelik minstens een maand van sy voorname kennis gegee het, deur die superintendent ingetrek word as sodanige houer—

(a) vir 'n ononderbroke tydperk van meer as een maand voor die uitreiking van sodanige kennisgewing werkloos is of nie 'n wettige ambag of beroep binne die stadsgebied uitgeoefen het nie; of

(b) vir 'n tydperk van meer as een maand buite die stadsgebied in diens was; of

(c) die woning ten opsigte waarvan die woonpermit uitgereik is, vir 'n tydperk van meer as een maand verlaat sonder die skriftelike toestemming van die superintendent; of

(d) indien hy die bewoner van 'n subekonomiese woning is, na die oordeel van die Raad ophou om binne die subekonomiese groep, soos deur die Minister ingevolge subartikel (1) *bis* van artikel *twintig* van die Wet bepaal, te val; of

(e) nie langer wettiglik toegelaat is om in die stadsgebied te bly nie;

en by sodanige intrekking van die woonpermit moet die vorige houer daarvan en alle lede van sy gesin die lokasie onverwyld verlaat: Met dien verstande dat voordat 'n permit ingetrek word op die gronde uiteengesit in paragraaf (d) geskikte alternatiewe huisvesting in 'n woning wat uit ekonomiese behuisingsfondse opgerig is eers aan sodanige houer aangebied moet word by gebreke waarvan die superintendent, indien sodanige houer die huurgeld wat vir die woning ten opsigte waarvan sodanige permit uitgereik was vooruit betaal het, sodanige houer moet toelaat om in sodanige woning aan te bly.

(3) Die houer van 'n ingetrokke perseelpermit, wat enige verbetering op die perseel wat in sy permit vermeld word, aangebring het of belang daarby verkry het, het die reg om voor die datum waarop die intrekking van sodanige permit in werking tree, sodanige verbeterings van die perseel te verwijder, of sy belang by sodanige verbeterings aan 'n koper wat deur die Raad goedgekeur is, te verkoop: Met dien verstande dat sodanige houer die reg het om sy belang te verkoop aan die Raad teen 'n prys wat by gebrek aan 'n ooreenkoms, deur die Naturellekommissaris vasgestel word. Indien die houer of die Raad ontevrede is met die prys wat deur die Naturellekommissaris vasgestel is, moet die Raad sodanige belang per openbare veiling verkoop.

(4) As die houer van 'n perseelpermit wat ingetrek is, versuini, nalaat of weier om gebruik te maak van die reg wat in hierdie regulasie uiteengesit word, moet die Raad die belang van sodanige houer verkry of verkoop teen 'n prys wat in oorleg met die Naturellekommissaris vasgestel word, en nadat enige gelde wat verskuldig is en enige koste wat aangegaan is, afgetrek is, moet die Raad die saldo aan die houer uitbetaal: Met dien verstande dat as die Raad en die Naturellekommissaris nie kan ooreenkomm aangaande die prys wat in hierdie subregulasie vermeld is nie, die Raad sodanige belang per openbare veiling moet verkoop.

(5) As 'n permithouer, in subregulasies (3) en (4) vermeld, sterf, het die persoon wat by wet daartoe geregtig is om die boedel van sodanige houer te beredder, dieselfde regte ingevolge subregulasies (3) en (4) ten opsigte van die verwydering, verkoop of van die hand sit van verbeterings, as sodanige houer.

Cancellation of Permits and Ejection for Default.

12. (1) If any person fails to pay any sum for which he is liable in terms of the provisions of this chapter within one month of the date on which such sum becomes due and payable, the superintendent may, on giving such person one month's notice in writing of his intention to do so, cancel any permit issued to such person to be or reside in the location with effect from the date set out in such notice. A Court convicting any person under paragraph (g) of regulation 36 for being in the location after such date, not being authorised in terms of these regulations to be there, may, in addition to any other penalty it may impose, order such persons ejection from the location.

(2) If any registered occupier is ejected in terms of the provisions of sub-regulation (1), the Council shall be entitled to dispose of any improvements or property belonging to such registered occupier on the site and, after the amount owing by the registered occupier and reasonable costs have been deducted from any amount realised by such disposal, the balance, if any, shall be handed to the person so ejected: Provided that the Council shall give at least fourteen days' notice of its intention to exercise this right by serving such notice on the registered occupier or, if his whereabouts are unknown, by affixing a copy thereof to the main door of the dwelling or room which was occupied by him.

Location Register.

19								
January.....								
February.....								
March.....								
April.....								
May.....								
June.....								
July.....								
August.....								
September.....								
October.....								
November.....								
December.....								
TOTALS...								
Carried forward.								

Nommer en datum van persel- of woonpermit
Datum van verstryking
Beskrywing van goedgekeurde woning
Besit deur
Vloer- en lugruimte gesamentlik:
Vloer- Lug
Maksimum getal volwassenes wat gehuisves kan word
Addisionel: getal
Beskrywing van addisionele bouwerke goedgekeur en doel

Nommer en datum van goedkeuring
Nommer en datum van huurkoopooreenkoms
Totale bedrag wat geleent is
Maandelikse paaiemnt
Tydperk van aanspreeklikheid
Nommer en datum van magtiging om perseel te verkoop, oor te dra of te onderverhuur
Aard van transaksie
Naam en besonderhede van koper, transportnemer of huurder
Naam van permithouer
Vader
Woondistrik
Dienstkontraknommer
Belastingidentiteitsnommer/Nasionale identiteitsnommer
Besonderhede van persone wat kragtens perseel- of woonpermit gehuisves word:

Naam.	Geslag.	Verwant-skap.	Gebortedatum.

Besonderhede van loserders wat gehuisves word:—

Naam.	Geslag.	Verwant-skap.	Nommer en datum van permit.

Sien afsonderlike register vir betaling van losiesgelde: Perseel No.

Maand.	Dt.	Nommer en datum van kwitantie.	Kt.	Saldo.		
	£	s.	d.	£	s.	d.
Oorgebring.....						
19						
Januarie.....						
Februarie.....						
Maart.....						
April.....						
Mei.....						
Junie.....						
Julie.....						
Augustus.....						
September....						
Oktober.....						
November....						
Desember....						
TOTALE...						
Oorgedra.						

Administrator's Notice No. 358.]

[4 May 1960.

OPENING.—PUBLIC ROAD, DISTRICT OF RUSTENBURG.

It is hereby notified for general information that the Administrator has approved, after investigation and report by the Road Board of Rustenburg that a public road, 50 Cape feet wide, which traverses the farm Matjesfontein No. 392, Registration Division L.Q., District of Rustenburg, as shown on the sketchplan subjoined hereto, shall exist in terms of paragraph (a) of sub-section (1) of section five and section three of the Roads Ordinance, 1957 (Ordinance No. 22 of 1957). D.P. 08-082-23/24/M/5.


Administrateurskennisgewing No. 358.]

[4 Mei 1960.

OPENING.—OPENBARE PAD, DISTRIK RUSTENBURG.

Dit word hierby vir algemene inligting bekendgemaak dat die Administrateur, na ondersoek en verslag deur die Padraad van Rustenburg, goedgekeur het dat 'n openbare pad, 50 Kaapse voet breed, sal bestaan op die plaas Matjesfontein No. 392, Registrasie Afdeling L.Q., distrik Rustenburg, soos op bygaande skets aangetoon word, ingevolge paragraaf (a) van sub-artikel (1) van artikel vyf en artikel drie van die Padordonnansie, 1957 (Ordonnansie No. 22 van 1957).

D.P. 08-082-23/24/M/5.



Administrator's Notice No. 359.]

[4 May 1960.

OPENING.—PUBLIC DISTRICT ROAD, DISTRICT OF WATERBERG.

It is hereby notified for general information that the Administrator has approved, after investigation and report by the Road Board of Waterberg, that the road traversing the farms Burgherspoort No. 1151, Werkendam No. 1161, Giesendam No. 1160, New Belgium No. 1141, Kaffershoeck No. 131, Jonghanshoek No. 132 and Grootfontein No. 16, District of Waterberg, as shown on the sketchplan subjoined hereto, shall in terms of paragraph (a) of sub-section (1) of section five of the Roads Ordinance, 1957 (Ordinance No. 22 of 1957), be a public and district road.

D.P. 01-014-23/22/1959.


Administrateurskennisgewing No. 359.]

[4 Mei 1960.

OPENING.—OPENBARE DISTRIKSPAD, WATERBERG DISTRIK.

Dit word hiermee vir algemene inligting bekendgemaak dat die Administrateur, na ondersoek en verslag deur die Padraad van Waterberg, goedgekeur het dat die pad oor die plase Burgherspoort No. 1151, Werkendam No. 1161, Giesendam No. 1160, New Belgium No. 1141, Kaffershoeck No. 131, Jonghanshoek No. 132 en Grootfontein No. 16, distrik Waterberg, soos aangetoon op bygaande sketsplan, ingevolge paragraaf (a) van subartikel (1) van artikel vyf van die Padordonnansie, 1957 (Ordonnansie No. 22 van 1957), 'n openbare distrikspad sal wees.

D.P. 01-014-23/22/1959.



Administrator's Notice No. 360.]

[4 May 1960.

ZOEKMAAAR HEALTH COMMITTEE.—AMENDMENT OF TRAFFIC BY-LAWS AND REGULATIONS.

The Administrator hereby, in terms of sub-section (3) of section *one hundred and sixty-four* of the Local Government Ordinance, 1939, publishes the amending regulations set forth in the Schedule hereto which have been made by him in terms of paragraph (a) of sub-section (1) of section *one hundred and twenty-six* of the said Ordinance.

T.A.L.G. 5/98/108.

SCHEDULE.

ZOEKMAAAR HEALTH COMMITTEE.—AMENDMENT OF TRAFFIC BY-LAWS AND REGULATIONS.

Amend the Traffic By-laws and Regulations applicable to the Zoekmakaar Health Committee, published under Administrator's Notice No. 135, dated the 25th February, 1959, by the addition of the following at the end of the regulations:—

" ANNEXURE.

(Applicable to the Health Committee of Zoekmakaar only.)

TARIFF OF LICENCE FEES.

<i>Item</i>	<i>Description of Vehicle.</i>	<i>Yearly.</i>
		£ s. d.
1.	For each handcart.....	0 10 0
2.	For each vehicle (motor vehicle excluded) for the private conveyance of passengers, of goods or used in connection with the conduct of any business or trade— (a) For each rubber wheel..... (b) For each iron wheel.....	0 2 6 0 5 0
3.	For each taxi-cab.....	1 10 0
4.	For each public bus.....	1 0 0
5.	For each bicycle.....	0 2 6
6.	For each tricycle (commercial).....	0 5 0
7.	For each petrol pump, air or water device on the sidewalk.....	0 5 0
8. (a)	For each transfer of a vehicle licence (bicycle excluded): 2s. 6d.	
(b)	For each transfer of a bicycle licence: 1s.	
9.	For each duplicate plate or badge in case of loss: 1s.".	

Administrator's Notice No. 361.]

[4 May 1960.

MUNICIPALITY OF NELSPRUIT.—CEMETERY BY-LAWS.

The Administrator hereby, in terms of section *one hundred and one* of the Local Government Ordinance, 1939, publishes the by-laws set forth in the Schedule hereto, which have been approved by him in terms of section *ninety-nine* of the said Ordinance.

T.A.L.G. 5/23/22.

SCHEDULE.

MUNICIPALITY OF NELSPRUIT.—CEMETERY BY-LAWS.

Part I.—General.

1. For the purpose of these by-laws, unless the context indicates otherwise—

“adult” means any person who died over the age of 12 years and whose coffin will fit in the aperture prescribed for adults in section 30;

“caretaker” means the person from time to time holding the appointment of caretaker or superintendent of any cemetery or acting in such capacity in the service of the Council;

“cemetery” means any piece of ground duly set apart by the Council as a public burial ground or cemetery;

Administrateurskennisgewing No. 360.]

[4 Mei 1960.

GESONDHEIDSKOMITEE VAN ZOEKMAAAR.—WYSIGING VAN VERKEERSVERORDENINGE EN -REGULASIES.

Die Administrateur publiseer hierby, ingevolge subartikel (3) van artikel *honderd vier-en-sestig* van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, die wysigingsregulasies in die bygaande Bylae uiteengesit, wat deur hom ingevolge paragraaf (a) van subartikel (1) van artikel *honderd ses-en-twintig* van genoemde Ordonnansie gemaak is.

T.A.L.G. 5/98/108.

BYLAE.

GESONDHEIDSKOMITEE VAN ZOEKMAAAR.—WYSIGING VAN VERKEERSVERORDENINGE EN -REGULASIES.

Die Verkeersverordeninge en -regulasies van toepassing op die Gesondheidskomitee van Zoekmakaar, aangekondig by Administrateurskennisgewing No. 135 van 25 Februarie 1959, word hierby gewysig deur die volgende aan die einde van die regulasies toe te voeg:—

„ AANHANGSEL.

(Slegs op die Gesondheidskomitee van Zoekmakaar van toepassing.

TARJEF VAN LISENSIEGELDE.

<i>Item</i>	<i>Beskrywing van voertuie, ens.</i>	<i>Jaarliks.</i>
		£ s. d.
1.	Vir iedere handkar.....	0 10 0
2.	Vir iedere voertuig (uitgesonderd motorvoertuie) wat as private vervoermiddel vir persone of goedere of vir besigheidsdoeleindes gebruik word— (a) Vir iedere rubberwiel..... (b) Vir iedere ysterwiel.....	0 2 6 0 5 0
3.	Vir iedere taxi.....	1 10 0
4.	Vir iedere motorbus.....	1 0 0
5.	Vir iedere trapfiets.....	0 2 6
6.	Vir iedere driewieler (handels-).	0 5 0
7.	Vir iedere petrol pomp, lugpomp of watertoestel op sypaadjie.....	0 5 0
8. (a)	Vir iedere oordrag van 'n voertuig-lisensie (uitgesonderd rywiele): 2s. 6d.	
(b)	Vir iedere oordrag van 'n rywiel-lisensie: 1s.	
9.	Vir iedere duplikaatplaatjie of kenteken in 'n geval van verlies: 1s."	

Administrateurskennisgewing No. 361.]

[4 Mei 1960.

MUNISIPALITEIT NELSPRUIT.—BEGRAAFPLAAS-VERORDENINGE.

Die Administrateur publiseer hierby ingevolge artikel *honderd-en-een* van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, die verordeninge in die bygaande Bylae uiteengesit, wat deur hom ingevolge artikel *negen-en-negentig* van genoemde Ordonnansie goedgekeur is.

T.A.L.G. 5/23/22.

BYLAE.

MUNISIPALITEIT VAN NELSPRUIT.—BEGRAAFPLAAS-VERORDENINGE.

Deel I.—Algemeen.

1. Vir die toepassing van hierdie verordeninge, tensy uit die samehang anders blyk, beteken—

“armlastige” 'n persoon wat ten tyde van sy afsterwe volgens die sienswyse van die Raad finansieel nie in staat is om die voorgeskrewe vorderings vir die teraardebestelling te betaal nie, en wat geen familielede het wat wetlik vir sodanige persoon verantwoordelik is nie;

“begraafplaas” 'n stuk grond wat behoorlik deur die Raad as 'n publieke begraafplaas aangewys is;

“gedenkteken” 'n grafsteen en 'n grafskrif wat op 'n graf aangebring is of daar aangebring kan word;

"child" means any person who died at the age of 12 years or under and whose coffin will fit in the aperture prescribed for children in section 30;
 "Council" means the Town Council of Nelspruit;
 "grave" includes any grave in which any person has obtained the right of having a single body interred;
 "memorial work" means any tombstone, and a memorial inscription which is or may be erected upon a grave;
 "pauper" means a person who in the opinion of the Council is not financially able at the time of his death to pay the prescribed fees and who has no relatives who are legally responsible for such person;
 "person" means any person but does not include a servant of the Council acting in the course of and within the scope of his duties in any cemetery;
 "plot" means any piece of ground laid out for two or more graves in which ground the right to inter has been obtained or reserved in terms of these or any previous by-laws;
 "Registrar of Deaths" means any person for the time being appointed by the Government to register deaths.

2. The Council may, from time to time, set apart any ground for the purpose of a cemetery and no person shall bury or inter or cause any body to be buried or interred in any other place in the municipality.

3. No person shall cremate, burn or dispose of any dead body in any other manner than by burial or interment in a cemetery.

4. No person shall bury or inter or cause any body to be buried or interred within a cemetery without the permission of the caretaker. Such permission shall be given only when a written order signed by the Registrar of Deaths authorising such interment is supplied to the caretaker with the notice of interment. In all cases where an inquest has been held a magistrate's warrant shall in addition be supplied to the caretaker.

5. The Council may inter the dead body of a pauper free of charge in any of its cemeteries.

6. Every cemetery shall be open to the public daily from 8 a.m. to 5 p.m.: Provided that, where in the opinion of the Council it is in the public interest, the Council shall have the power to close to the public any cemetery or portion thereof for such periods as the Council may deem fit.

No person shall be or remain in a cemetery or portion thereof before or after the above-mentioned hours or during any period when the same shall be closed to the public.

7. No person under the age of 12 years shall enter, be or remain in a cemetery unless such person is under the care of an adult.

8. Except for purposes permitted by these by-laws all persons shall use only the roads and walks provided in the cemetery.

9. No Native or coloured person shall enter or be upon any European portion of a cemetery except with the permission of the caretaker.

10. No person shall enter or leave any cemetery except by the proper entrance gates and no person shall enter any office or enclosed place in any cemetery except on lawful business.

11. No person shall solicit any business order or exhibit or distribute or leave any tracts, business card or advertisement within any cemetery and no person shall use any cemetery road or walk for the conveyance of goods, parcels or other material except such as are intended for use in such cemetery.

12. No person shall sit, stand or climb upon or over any memorial work, gate, wall, fence or building in any cemetery.

„graf" ook 'n graf ten opsigte waarvan 'n persoon die reg verkry het om daarin een lyk ter aarde te laat bestel;
 „kind" 'n afgestorwe persoon van die ouderdom van 12 jaar en onder van wie die doodekis sal pas in die grafopening in artikel 30 vir kinders voorgeskryf;
 „opsigter" die persoon wat van tyd tot tyd die betrekking van opsigter of superintendent van 'n begraafplaas beklee of wat in sodanige hoedanigheid in diens van die Raad optree;
 „perseel" 'n stuk grond wat vir twee of meer grafte aangelê is en ten opsigte waarvan die reg om te begrawe verkry of gereserveer is ingevolge hierdie of enige vorige verordeninge;
 „persoon" 'n persoon, uitgesonderd 'n dienaar van die Raad wat in die loop van en binne die bestek van sy pligte by 'n begraafplaas oortree;
 „Raad" die Stadsraad van Nelspruit;
 „Registrateur van Sterfgevalle" 'n persoon wat vir die desbetreffende tydperk deur die Regering aangestel is om sterfgevalle te registreer;
 „volwassene" 'n afgestorwe persoon bo die ouderdom van 12 jaar van wie die doodekis sal pas in die grafopening in artikel 30 vir volwassenes voorgeskryf.

2. Die Raad kan van tyd tot tyd enige grond vir die doel van 'n begraafplaas afsonder en niemand mag 'n lyk begrawe of laat begrawe in enige ander plek in die munisipaliteit nie.

3. Niemand mag 'n lyk veras, verbrand of op enige ander wyse wegdoen nie, uitgesonderd deur begrawing in 'n begraafplaas.

4. Niemand mag sonder die toestemming van die opsigter 'n lyk binne 'n begraafplaas begrawe of laat begrawe nie. Sodanige toestemming word slegs verleen indien 'n skriftelike bevel deur die Registrateur van Sterfgevalle onderteken, waarby sodanige teraardebestelling gemagtig word tesame met die kennisgewing van teraardebestelling aan die opsigter vertoon word. In alle gevalle waar 'n lykskouing gehou is, moet 'n landdroer se lasbrief ook aan die opsigter vertoon word.

5. Die Raad kan die lyk van 'n armlastige kosteloos in enige van die Raad se begraafplase ter aarde bestel.

6. Elke begraafplaas word vir die publiek oopgestel daagliks van 8 vm. tot 5 nm.: Met dien verstande dat die Raad die bevoegdheid het om indien dit na sy mening in die openbare belang is, enige begraafplaas of gedeelte daarvan vir sodanige tydperke as wat die Raad goedvind, vir die publiek te sluit.

Niemand mag in 'n begraafplaas of gedeelte daarvan wees of aanbly nie voor of na bogenoemde ure of gedurende enige tydperk wanneer dit vir die publiek gesluit is.

7. Niemand onder die ouderdom van 12 jaar mag 'n begraafplaas binnegaan, daarin wees of daarin aanbly nie tensy sodanige persoon onder die toesig van 'n volwasse persoon is.

8. Uitgesonderd vir doeleindes wat by hierdie verordeninge toegelaat word, moet alle persone slegs die paaie en voetpadjies wat in die begraafplaas verskaf is, gebruik.

9. Geen Naturel of kleurling mag sonder die toestemming van die opsigter die afdeling vir blankes in 'n begraafplaas binnegaan of daarin wees nie.

10. Niemand mag 'n begraafplaas binnegaan of verlaat nie uitgesonderd deur die behoorlike hekke, en niemand mag 'n kantoor of afgekampte plek in 'n begraafplaas binnegaan nie uitgesonderd in verband met wetlike besigheid.

11. Niemand mag enige besigheid, bestelling of uitsalling werf nie, of trakte, besigheidskaarte of advertensies binne 'n begraafplaas uitdeel of laat nie en niemand mag 'n pad of voetpad deur die begraafplaas vir die vervoer van goedere, pakkies of ander materiaal gebruik nie, uitgesonderd wanneer dit bestem is vir gebruik in sodanige begraafplaas.

12. Niemand mag op of oor 'n gedenkteken, hek, muur, omheining of gebou in 'n begraafplaas sit, staan of klim nie.

13. No person shall bring into or allow any animal or bird to wander inside any cemetery. Any such animal or bird found in any cemetery may be removed and impounded in the municipal pound.

14. No person shall ride any animal or cycle within any cemetery.

15. Except where it is expressly permitted by these by-laws no person shall disturb the soil or plant or uproot any shrub or flower, or in any way interfere with any grave or erection in a cemetery.

16. No person shall hold or take part in any demonstration in any cemetery.

17. Any person wishing to make any complaint shall forward such complaint to the town clerk in writing.

18. No person shall mark, draw, scribble or erect advertisements or other matter upon, or in any way deface any wall, building, fence, gate, memorial work, or other erection within any cemetery.

19. The fees specified in Annexures A and B in respect of the various items contained therein, shall be paid to the Council within the period mentioned therein.

20. No person shall acquire any right to, or interest in any ground or grave in any cemetery other than such rights or interests as may be obtainable under these by-laws.

Part II.—Interments.

21. Any person shall on payment of the fee prescribed in the Annexures have the right to reserve one or more graves for future use. The dimensions of such graves shall be as set forth in section 30.

22. Any person desiring to reserve the use of any grave shall apply to the caretaker. Such grave shall be allotted and held subject to these by-laws.

23. No person shall transfer or sell the rights to any reserved grave, without the consent of the Council.

24. For every transfer of the rights to a reserved grave, written application shall be made to the Council, and should the Council grant its permission, such transfer shall be registered by the caretaker in the grave's register. The new owner shall pay the appropriate fees prescribed in the Annexures upon application, which fees will be refunded should the application be refused. No transfer not complying with all these conditions shall be valid.

25. Any person wishing to have any body interred in a grave shall pay the fee prescribed in the Annexures for such interment to the town treasurer at the time that the notice of interment is given. Such person shall upon payment of the said fee be entitled to a single interment only, and the position of the grave, which shall remain the Council's property, shall be determined by the caretaker.

26. Any person wishing to have any body interred in a grave, and in which a previous interment has already been made, shall pay the fees for the second interment as prescribed in the Annexures.

27. Any person wishing to have any body interred shall give notice in the form prescribed in Annexure C not less than eighteen hours before such interment.

28. All fees and charges shall be paid at the office of the town treasurer and official receipts must be obtained therefor.

29. If any alteration be made in the day or hour previously fixed for an interment, notice of such alteration shall be given to the caretaker at the cemetery not less than six hours before the time appointed for such interment.

30. The standard dimensions of the aperture for any grave shall be as follows:—

For each deceased adult:—

Length: 7 feet 3 inches.

Breadth: 2 feet 6 inches.

For each deceased child:—

Length: 4 feet 6 inches.

Breadth: 1 foot 6 inches.

13. Niemand mag 'n dier of voël inbring of toelaat om binne 'n begraafplaas rond te loop nie. Enige sodanige dier of voël wat in die begraafplaas aangetref word, kan verwyder en in die munisipale skut aangehou word.

14. Niemand mag binne enige begraafplaas op 'n fiets of 'n dier ry nie.

15. Uitgesonderd waar dit uitdruklik ingevolge hierdie verordeninge toegelaat word, mag niemand die grond omkrap of 'n struikgewas of blom plant of uittrek nie, of hom op enige wyse met 'n graf of oprigting in 'n begraafplaas bemoei nie.

16. Niemand mag 'n betoog binne 'n begraafplaas hou of daaraan deelneem nie.

17. Iedereen wat 'n klagte wil indien moet sodanige klagte skriftelik aan die stadslerk stuur.

18. Niemand mag 'n muur, gebou, omheining, hek, gedenkteken, of ander oprigting in 'n begraafplaas, merk, daarop teken, dit bekrap of advertensies van ander voorwerpe daarop aanbring of dit op watter wyse ook al skend nie.

19. Die gelde voorgeskryf in Aanhangsels A en B ten opsigte van die verskillende items wat daarin vervat is, moet binne die tydperk daarin vermeld aan die Raad betaal word.

20. Niemand mag 'n reg op of belang by enige grond of graf in 'n begraafplaas verkry nie, uitgesonderd sodanige regte of belang as wat ingevolge hierdie verordeninge verkry kan word.

Deel II.—Teraardebestellings.

21. Iedereen het die reg om, teen betaling van die gelde in die Aanhangsels voorgeskryf, een of meer grafte vir toekomstige gebruik te reservere. Die afmetings van sodanige grafte is soos uiteengesit in artikel 30.

22. Iedereen wat die gebruik van 'n graf wil reservere, moet die opsigter aansoek doen. Sodanige graf word toegewys en gehou behoudens die bepalings van hierdie verordeninge.

23. Sonder die toestemming van die Raad, mag niemand die regte op 'n gereserveerde graf oordra, of verkoop nie.

24. Om die reg van oordrag van die regte op 'n gereserveerde graf moet skriftelik by die Raad aansoek gedoen word, en indien die Raad toestemming daartoe verleen, moet die opsigter sodanige oordrag registreer in die grafregister. Die nuwe eienaar moet die toepaslike gelde in die Aanhangsels voorgeskryf by aansoek betaal, wat terugbetaal sal word indien die aansoek geweier word. Geen oordrag wat nie aan al hierdie voorwaardes voldoen, is geldig nie.

25. Iedereen wat 'n lyk in 'n graf wil laat begrawe, moet aan die stadsresourier die geld wat in die Aanhangsels voorgeskryf word vir sodanige teraardebestelling betaal wanneer kennis van die begrawing gegee word. Sodanige persoon het, na betaling van genoemde bedrag, slegs die reg op een teraardebestelling en die plek van die graf, wat die Raad se eiendom bly, moet deur die opsigter aangewys word.

26. Iedereen wat 'n lyk wit laat begrawe in 'n graf moet, waar 'n teraardebestelling in sodanige graf reeds geskied het, die geld vir die tweede teraardebestelling betaal soos in die Aanhangsels voorgeskryf.

27. Iedereen wat 'n lyk wil laat begrawe, moet kennis gee in die vorm voorgeskryf in Aanhansel C, minstens agtien uur voor sodanige begrawing.

28. Alle gelde en vorderings moet by die kantoor van die stadsresourier betaal word en 'n amptelike kwitansie daarvoor moet verkry word.

29. Indien enige verandering gemaak word in die reeds vasgestelde dag of uur van die teraardebestelling, moet kennis van sodanige verandering aan die opsigter by die begraafplaas gegee word minstens ses uur voor die tyd vasgestel vir sodanige teraardebestelling.

30. Die standaard-afmetings van grafopenings van graffte is as volg:—

Vir elke afgestorwe volwassene:—

Lengte: 7 voet 3 duim.

Breedte: 2 voet 6 duim.

Vir elke afgestorwe kind:—

Lengte: 4 voet 6 duim.

Breedte: 1 voet 6 duim.

Any person requiring an aperture of larger dimensions for any interment shall together with notice of interment give the measurements of the coffin including fittings, and shall pay the fee prescribed therefor in the Schedules.

31. Should a child's coffin be too large for the child's grave it will be placed in an adult's grave, and the usual fee for the interment of an adult shall be paid by the person giving the notice of interment.

32. No adult's grave shall be less than 6 feet and no child's grave shall be less than 5 feet in depth.

33. Save as provided in the Removal of Dead Bodies and Graves Ordinance, 1925, and the provisions of Part IV of these by-laws, no body shall be exhumed and no grave shall be opened, or disturbed in any other way. At least three days written notice of the intention of opening a grave or of exhumeing a body shall be given to the caretaker, and proof of the Administrator's consent having been obtained, shall accompany such notice.

34. There shall be at least four feet of earth between an adult's coffin and the surface of the ground and at least three feet of earth between a child's coffin and the surface of the ground.

35. No person shall place or cause any coffin constructed of any material other than soft wood or other perishable material to be placed in any grave.

36. In no case shall the bodies of more than one adult or two children be buried in one grave at the same time.

37. Every coffin or body upon being placed in any grave shall be covered at once with at least one foot of earth.

38. No Native or coloured person shall be interred in any part of a cemetery other than the part set apart for Natives and coloured persons respectively. No person shall bring the dead body of any Native or coloured person into any cemetery except by a gate appointed for that purpose.

Part III.—Funerals.

39. No person shall conduct any religious ceremony or service according to the rites of any denomination in such portion of any cemetery as may be reserved by the Council for members of other denominations.

40. A hearse drawn by more than two animals is forbidden in any cemetery.

41. The driver of every hearse shall immediately after such removal cause the hearse to leave the cemetery by the carriage drives or other route indicated by the caretaker.

42. No person shall expose a body or any part thereof in any cemetery, street or public place.

43. No music shall be performed within any cemetery except in connection with a funeral service or religious ceremony.

44. No interment shall take place before 9 a.m. or after 5 p.m. on any day.

45. No person shall fix any peg in any grave which has not been duly allotted in terms of these by-laws, and no person shall inter any body in any grave upon which a peg containing the number of such grave has not been lawfully fixed.

Part IV.—Exhumation of Bodies and Re-opening of Graves.

46. Save as provided in section 33, no person shall exhume a body or cause it to be exhumed or removed or open or disturb a grave without the permission, in writing, of the Council and the medical officer of health, and such permission as may be required in terms of any law in force from time to time and the fee for exhumation mentioned in the Schedules hereto shall in every case be paid before the exhumation takes place. Such permission shall be handed to the caretaker at least three days before the day proposed for the exhumation or removal of such body.

47. Nothing contained in these by-laws shall be deemed to give any person the right to commit a breach of the law in force in this province from time to time relating to the exhumation of bodies and re-opening of graves for the purpose of exhumation of bodies.

Iedereen wat 'n grafopening van groter afmetings vir enige teraardebestelling wil hê, moet die afmetings van die doodkis, met inbegrip van die beslag gee wanneer hy kennis gee van begrawing en moet die geld in die Bylaes hierby voorgeskryf, betaal.

31. As 'n kind se kis te groot is vir die afmetings van 'n kindergraf, word die doodkis in 'n graf vir 'n volwassene begrawe en die gewone gelde vir die teraardebestelling van 'n volwassene moet betaal word deur die persoon wat kennis van die begrawing gegee het.

32. Geen graf vir 'n volwassene mag minder as 6 voet en geen graf vir 'n kind minder as 5 voet diep wees nie.

33. Behoudens die bepalings van die Verwydering van Dooie Liggeme en Grafte Ordonnansie, 1925, en die bepalings van Deel IV van hierdie verordeninge, mag geen lyk opgegrawe en geen graf oopgemaak, of op ander wyse verstoot word nie. Ten minste drie dae skriftelike kennisgewing moet aan die opsigter gegee word van die voorname om 'n graf oop te maak of 'n lyk op te grawe en bewys dat die Administrateur se toestemming verkry is, moet sodanige kennisgewing vergesel.

34. Daar moet minstens vier voet grond wees tussen 'n doodkis van 'n volwassene en die grondoppervlakte en minstens drie voet grond tussen 'n kind se doodkis en die grondoppervlakte.

35. Niemand mag 'n doodkis wat van enige ander materiaal as sagtehout of ander bederbare materiaal gemaak is, in 'n graf plaas of laat plaas nie.

36. In geen geval mag die lyke van meer as een volwassene of twee kinders in dieselfde graf op dieselfde tyd begrawe word nie.

37. Elke doodkis of lyk moet sodra dit in 'n graf geplaas is, sonder verwyl met een voet grond bedek word.

38. Geen Naturel of Kleurling mag in enige gedeelte van 'n begraafplaas, uitgesonderd in daardie gedeeltes wat onderskeidelik vir Naturelle en Kleurlinge afgesonder is, begrawe word nie. Niemand mag die lyk van 'n Naturel of Kleurling in die begraafplaas inbring nie, uitgesonder deur 'n hek wat vir dié doel afgesonder is.

Deel III.—Begrafnisse.

39. Niemand mag godsdiensoefeninge of -plegtighede hou volgens die gebruik van enige genootskap in sodanige gedeelte van 'n begraafplaas as wat deur die Raad afgesonder is vir lede van ander genootskappe nie.

40. 'n Lykwa wat deur meer as twee diere getrek word, word verbied om 'n begraafplaas binne te gaan.

41. Die drywer van elke lykwa moet sorg dat, wanneer die lyk afgeneem is, die lykwa onmiddellik die begraafplaas verlaat langs die rypaaie of ander weg wat die opsigter daarvoor aanwys.

42. Niemand mag 'n lyk of 'n deel daarvan in 'n straat, begraafplaas of publieke plek ontbloot nie.

43. Geen musiek mag binne 'n begraafplaas uitgevoer word nie tensy dit in verband staan met 'n godsdiensoefening of -plegtigheid by 'n teraardebestelling.

44. Geen teraardebestelling mag voor 9 v.m. of na 5 n.m. op enige dag gehou word nie.

45. Niemand mag 'n pen op 'n graf vassit wat nie behoorlik ingevolge hierdie verordeninge toege wys is nie, en niemand mag 'n lyk in 'n graf begrawe nie waar daar nie 'n pen waarop die nommer van die graf gemerk is, wettiglik vasgesit is nie.

Deel IV.—Opgraving van lyke en heropening van grafte.

46. Behoudens die bepalings van artikel 33, mag niemand 'n lyk opgrawe of laat opgrawe of verwijder of 'n graf oopmaak of versteur sonder die skriftelike toestemming van die Raad en die geneeskundige gesondheidsbeampte en sodanige toestemming as wat vereis word ooreenkomsdig enige wet wat van tyd tot tyd van krag is, en die gelde vir opgraving vermeld in die Aanhangsels moet in elke geval betaal word voordat die opgraving plaasvind. Sodanige toestemming moet by die opsigter ingedien word minstens drie dae voor die voorgestelde datum vir die opgraving of verwijdering van so 'n lyk.

47. Geen bepaling in hierdie verordeninge vervat, word beskou as sou dit aan enige persoon die reg verleen om 'n oortreding te begaan van enige wet wat van tyd tot tyd in hierdie provinsie van krag is en wat betrekking het op die opgraving van lyke en heropening van grafte vir die doel van opgraving van lyke nie.

48. No person shall exhume or cause any body to be exhumed during such time as the cemetery is open to the public.

49. The grave from which any body is to be removed shall be effectively screened from public view during the exhumation.

50. No exhumation or removal shall be made by any person unless the medical officer of health or his authorised representative is present.

Part V.—Care of Graves.

51. Any person may, with the permission of the caretaker plant any shrub, plant or flower upon any grave: Provided that no shrub, plant or flower shall be cut or carried away by any person without the consent of the caretaker and that the Council may prune, cut down, dig up or remove any shrub, plant or flower at any time without paying any compensation. The Council shall have the right to remove from any grave in any cemetery all turf, flowers, shrubs and growing plants placed there by servants of the Council.

52. No person shall erect or place any railing, wire work, flower stand, artificial flower or other ornament in any cemetery without the consent of the Council.

53. Sections 51 and 52 shall not apply to the sections of the cemetery referred to in section 68.

Part VI.—Erections and Maintenance of Memorial Work.

54. No person shall bring into any cemetery or erect, alter, paint, clean, renovate, decorate, remove or otherwise interfere with any memorial work or cut any inscription in any cemetery without the consent, in writing, of the Council.

55. No person shall erect any memorial work upon any grave except as provided in these by-laws.

56. No memorial not complying with the provisions of these by-laws in respect of a cemetery, may be erected in that cemetery.

57. Any person engaged upon work in a cemetery shall effect such work under the supervision and to the satisfaction of the caretaker.

58. The Council shall in no case be liable for any damage which may at any time occur to any memorial work from any cause whatever.

59. No person shall bring any material into any cemetery for the purpose of constructing any memorial work or stone work upon any grave unless and until—

(a) a sketch with dimensions figured thereon and showing the position of the proposed work, accompanied by a specification of the material to be used, and a copy of any proposed inscription, carving, or ornamentation has been submitted to the caretaker not less than three days before it is proposed to bring such material into the cemetery;

(b) all fees due in respect of such grave or plot have been duly paid; and

(c) the Council's written approval of the proposed work has been given to the applicant.

60. No person in constructing any memorial work, shall fail to observe any of the following conditions:—

(a) Wherever any part of the memorial work is to be joined to any other part, copper or galvanised iron cramps, pins, or dowels of approved thickness and of sufficient length shall be used for such purpose. The holes into which any such cramps, pins or dowels fit shall not be less than two inches deep.

(b) Any part of such work which rests upon the ground or any stone or other foundation shall be fairly squared and bedded.

(c) No stones of uneven thickness or having any corner wanting shall be used.

(d) The undersides of every flat stone memorial and the base of every monument or head stone shall be set at least two inches below the natural level of the ground.

(e) No border stones shall be used which are more than nine inches above the surface of the ground or more than eight inches below the surface.

48. Niemand mag 'n lyk opgrawe of laat opgrawe gedurende die tyd wat die begraafplaas vir die publiek oop is nie.

49. Die graf waaruit 'n lyk verwyd moet word, moet doeltreffend aan die gesig ontrek wees tydens die opgrawing.

50. Geen opgrawing of verwijdering mag deur enige persoon geskied nie tensy die geneeskundige gesondheidsbeampte of sy gemagtigde verteenwoordiger aanwesig is.

Deel V.—Versorging van grafe.

51. Iedereen kan met die toestemming van die opsigter enige struikgewas, plant of blom, op 'n graf plant: Met dien verstande dat geen struikgewas, plant of blom sonder die toestemming van die opsigter deur enige persoon afgesny of weggevinnig mag word nie en dat die Raad te eniger tyd enige struikgewas, plant of blom kan snoei, afkap, uitgrawe of verwijder sonder om vergoeding te betaal. Die Raad het die reg om van 'n graf in 'n begraafplaas alle turf, blomme, struikgewasse en groeiende plante wat deur dienaars van die Raad daar geplaas is, te verwijder.

52. Niemand mag sonder die toestemming van die Raad enige omheining, draadwerk, blomstander, kunsblom of ander ornament in 'n begraafplaas oprig of plaas nie.

53. Artikel 51 en 52 is nie van toepassing op die afdelings van die begraafplaas in artikel 68 genoem nie.

Deel VI.—Oprigting en instandhouding van gedenktekens.

54. Niemand mag 'n gedenktafel in enige begraafplaas inbring, of dit oprig, verander, skilder, skoonmaak, opknapp, versier, verwijder of hom andersins daarmee bemoei nie of 'n grafteksel in enige begraafplaas insny sonder die skriftelike toestemming van die Raad nie.

55. Niemand mag 'n gedenktafel op 'n graf oprig nie, uitgesonderd soos in hierdie verordeninge bepaal.

56. Geen gedenktafel wat nie aan die bepalings van hierdie verordeninge met betrekking tot 'n begraafplaas voldoen nie, mag in daardie begraafplaas opgerig word nie.

57. Iedereen wat werk in 'n begraafplaas uitvoer, moet sodanige werk onder die toesig en tot voldoening van die opsigter uitvoer.

58. Die Raad aanvaar in geen geval aanspreeklikheid vir skade wat te eniger tyd aan 'n gedenktafel aangerig word nie, hoe ook al veroorsaak.

59. Niemand mag enige materiaal in enige begraafplaas bring vir die doel om daarmee 'n gedenktafel of klipwerk op 'n graf op te rig nie, tensy en voordat—

(a) 'n skets met die afmetings in syfers daarop en wat die posisie aantoon van die voorgenome werk, vergesel van 'n spesifikasie van die materiaal wat gebruik sal word, benewens 'n afskrif van enige voorgenome grafteksel, snywerk of versiering, voorgelyk is aan die opsigter minstens drie dae voor die dag waarop dit die voorneme is om sodanige materiaal in die begraafplaas te bring;

(b) alle verskuldige gelde ten opsigte van so 'n graf of perseel behoorlik betaal is; en

(c) die Raad se skriftelike goedkeuring vir die voorgestelde werk aan die applikant gegee is.

60. Niemand wat 'n gedenktafel oprig, mag versuim om aan enige van die volgende voorwaardes te voldoen nie:—

(a) Waar 'n gedeelte van die gedenktafel verbind moet word met enige ander gedeelte, moet koper- of gegalvaniseerde ysterkramme, penne, of houtpenne van goedgekeurde dikte en voldoende lengte vir die doel gebruik word. Die gate waarin sodanige kramme, penne of houtpenne moet pas, moet minstens 2 duim diep wees.

(b) Enige gedeelte van sodanige werk wat op die grond rus of 'n klip- of ander fondament moet behoorlik vierkant gele en versink word.

(c) Geen klippe van ongelyke dikte of waarvan daar 'n hoek af is, mag gebruik word nie.

(d) Die onderkante van elke platklip-gedenktafel en die bodem van elke monument of grafsteen moet minstens twee duim laer as die natuurlike oppervlakte van die grond geplaas word.

(e) Geen randstene mag gebruik word wat meer as 9 duim bokant die oppervlakte van die grond of nie as 8 duim onderkant die oppervlakte is nie.

- (f) All head and border stones shall be securely cramped from the outside with round copper or galvanised iron cramps.
- (g) All head stones up to six inches in thickness shall be securely attached to the base in an approved manner.
- (h) Every kind of memorial work shall be completed as far as possible before it is brought into any cemetery.
- (i) Foot stones shall consist of one solid piece.
- (j) No soft stones shall be used for any memorial work and memorial work shall be constructed or made of marble or granite only.
- (k) No person shall do any stone work, chiselling or other work upon any memorial work not connected with the fixing of such work in position within the cemetery except where such work is expressly permitted by these by-laws.

(l) In all cases where any memorial work shall have a base—

- (i) such work shall have such stone or other foundation as the caretaker may prescribe;
- (ii) such work shall be set with good lime or cement mortar;
- (iii) the bottom base of such work shall not be less than three feet by one foot by one foot.

(m) Any lettering on memorial work shall be engraved into the work and shall not be raised beyond the level or surface of the work.

(n) The name of the maker may be placed upon the top of any foot stone: Provided that no address or other particulars are added.

61. No person shall convey any stone, brick, or memorial work or any portion thereof into any cemetery upon any vehicle or truck which is not drawn or pushed, and which is not furnished with wheels having tyres not less than four inches broad and of a kind which in the opinion of the caretaker is not likely to damage the paths or ground of such cemetery: Provided that no such vehicle shall be drawn or pushed along any path which, in the opinion of the caretaker, is too narrow or otherwise unsuitable for such vehicle.

62. Every person engaged upon any work upon any grave or plot shall provide such vehicles, tools and other appliances as may be required by him: Provided that no such vehicle, tools or other appliances shall be of such a kind as to contravene these by-laws.

63. Every person carrying on any work within any cemetery and failing to act in accordance with these by-laws shall in all things comply with the directions of the caretaker, given in terms of these by-laws.

64. No person shall at any time leave any rubbish, soil, stone or other debris within any cemetery or in any way damage or deface any part of the cemetery or anything therein contained.

65. No person shall bring any memorial work or material or do any work within any cemetery except during the following hours:—

Monday to Friday: 7 a.m. to 5 p.m.

66. No person shall fix or place any memorial work during unsuitable weather or while the ground is in an unfit state.

67. Every person in charge of work or on his way to or from work within the cemetery shall, upon demand at any time by the caretaker or his authorised assistant, produce the written permission required by these by-laws to carry out such work.

68. Notwithstanding that it may be contrary to anything contained in this part all sections of the cemetery situate on the farm Besterslast No. 18, as set aside by the Council, shall be subject to the following further conditions:—

- (a) The dimensions of any headstone for a single grave shall not exceed the following measurements:—
height: 4 feet; width: 3 feet; thickness: not less than 4 inches.

- (f) Alle grafstene en randstene moet deeglik van die buitekant af met ronde koper- of gegalvaniseerde ysterkramme vasgesit word.
- (g) Alle grafstene tot op ses duim dikte moet deeglik aan die voetstuk op 'n goedgekeurde wyse vasgesit word.
- (h) Enige soort gedenkteken moet eers so ver moontlik voltooi word voor dat dit in 'n begraafplaas gebring word.
- (i) Voetstukke moet uit een soliede sùk bestaan.
- (j) Geen sagte klippe moet vir enige gedenkteken gebruik word nie en gedenktekens moet slegs van marmor of graniet gebou of gemaak word.
- (k) Niemand mag klip, beitel- of ander werk aan enige gedenkteken verrig, wat nie in verband staan met die vassit van sodanige werk binne die begraafplaas nie, uitgesonderd waar sodanige werk uitdruklik ingevolge die bepalings van hierdie verordeninge toegelaat word.
- (l) In gevalle waar 'n gedenkteken op 'n voetstuk rus—
 - (i) moet sodanige gedenkteken sodanige klip of ander fondament hê as wat die opsigter voor-skryf;
 - (ii) moet sodanige gedenkteken in goeie kalk- of cementmortel vasgesit word;
 - (iii) moet die voetstuk van sodanige gedenkteken minstens 3 voet by 1 voet by 1 voet wees.
- (m) Enige letters op gedenktekens moet daarin gegraveer word en moet nie bo die oppervlakte van die gedenkteken uitsteek nie.
- (n) Die naam van die maker mag bo-op enige voetstuk geplaas word: Met dien verstande dat geen adres of ander besonderhede daarby gevoeg word nie.

61. Niemand mag enige klip-, steenwerk of gedenkteken of gedeelte daarvan binne enige begraafplaas vervoer op 'n voertuig of vragmotor wat nie getrek of gestoot word nie, en wat nie voorsien is van wiele waarvan die bande minstens vier duim breed is en van sodanige aard is dat dit volgens die mening van die opsigter nie moontlik die paaie of grond van sodanige begraafplaas sal beskadig nie: Met dien verstande dat geen sodanige voertuig getrek of gestoot mag word in 'n pad wat na die mening van die opsigter te smal of op 'n ander wyse vir sodanige voertuig ongeskik is nie.

62. Iedereen wat besig is aan enige werk op enige graf of perseel moet sodanige voertuie, gereedskap en ander apparaat as wat hy nodig het, verskaf: Met dien verstande dat geen sodanige voertuie, gereedskap of apparaat van so 'n aard is dat dit instryd is met hierdie verordeninge nie.

63. Iedereen wat werk binne 'n begraafplaas uitvoer en versuim om ooreenkomsdig hierdie verordeninge te handel, moet in alle opsigte aan die opdragte van die opsigter, wat ingevolge hierdie verordeninge gegee word, voldoende.

64. Niemand mag te eniger tyd vuilgoed, grond, klip of ander puin binne enige begraafplaas laat nie, of op enige wyse enige deel van 'n begraafplaas of enigets daarin vervat, beskadig of ontsier nie.

65. Niemand mag 'n gedenkteken of materiaal inbring of enige werk binne 'n begraafplaas verrig, uitgesonderd gedurende die volgende ure:—

Maandae tot Vrydae: 7 v.m. tot 5 n.m.

66. Niemand mag 'n gedenkteken vassit of plaas gedurende ongunstige weer, of terwyl die grond in 'n ongeskikte toestand is nie.

67. Iedereen aan wie werk toevertrou is of wat op pad is werk toe of van werk af binne die begraafplaas moet, wanneer hy daarom versoek word deur die opsigter of sy gemagigde assistent, te eniger tyd die skriftelike toestemming om sodanige werk te verrig wat volgens hierdie verordeninge vereis word, vertoon.

68. Nieteenstaande dit teenstrydig kan wees met enigets in hierdie deel vervat, is in alle afdelings van die begraafplaas geleë op 'n gedeelte van die plaas Besterslast No. 18 soos deur die Raad vir die doel afgebaken, die volgende verdere voorwaardes van krag:—

- (a) Die afmetings van 'n grafsteen vir 'n enkele graf moet nie onderstaande mate oorskry nie:—

Hoogte: 4 voet; wydte: 3 voet; dikte: minstens 4 duim.

(b) The dimensions of any headstone for any plot shall not exceed the following measurements:—

Height: 4 feet; width: corresponding to size of plot; thickness: not less than 4 inches.

(c) Books and scrolls shall be permitted provided they are fixed to a 15 inches by 3 feet by 18 inches' base.

(d) No base shall be more than 15 inches by 3 feet by 18 inches in dimension in the case of a single grave and in the case of a plot the dimensions shall be 15 inches by 18 inches by the length corresponding to width of plot.

(e) No kerbing shall be allowed.

(f) The Council shall have the right to maintain all graves.

(g) Each grave shall be allowed not more than two flower containers or glass wreaths and no flower container or glass wreath shall be placed on any area planted with lawn.

69. The charges in respect of all sections of the cemetery as described under section 68 shall be as set out in Annexure B hereto and must be paid in advance before interment or reservation.

Penalties.

70. Any person contravening or failing to comply with any of the provisions of these by-laws and any person failing to comply with the terms of any notice served upon him by the Council in terms of these by-laws shall be guilty of an offence. Any person convicted of an offence against or a contravention of any of the provisions of these by-laws shall be liable to a fine not exceeding £10 (ten pounds) and in the case of a continuing offence, to a fine not exceeding £2 (two pounds) per day for each day during which the offence continues. In addition to such fine any expense incurred by the Council in consequence of a breach of any of the provisions of these by-laws or in the execution of any work directed by such by-laws to be executed by any person and not executed by him, shall be paid by the person committing such breach or failing to execute such work.

Revocation of By-laws.

71. The Cemetery By-laws of the Municipality of Nelspruit, published under Administrator's Notice No. 503 of the 20th October, 1914, as amended, are hereby revoked.

ANNEXURE A.

In all sections of the cemetery situated on portion of the farm Nelspruit, known as Nelspruit Town Lands, excluding the cemetery mentioned in section 68, the charges shall be as follows:—

A.—Interments:—

(1) European graves (single interment)—	£ s. d.
Adult.....	2 0 0
Child.....	1 0 0

(2) Second interment in same grave—

Adult.....	£ s. d.
Child.....	1 0 0

(3) Non-European graves (single interment)—

Adult.....	£ s. d.
Child.....	0 15 0

(4) Second interment in same grave—

Adult.....	£ s. d.
Child.....	0 15 0

B.—Reservation of graves:—

Adult.....	£ s. d.
Child.....	0 15 0

C.—For transfer of a reserved grave in terms of section 24.....

0 10 0

D.—For aperture of larger dimensions than specified in section 30 or aperture for building out of grave, in addition to the amount payable in terms of item A.....

0 10 0

(b) Die afmetings van 'n grafsteen vir 'n perseel moet nie onderstaande mate oorskry nie:—

Hoogte: 4 voet; wydte: in ooreenstemming met grootte van perseel; dikte: minstens 4 duim.

(c) Boeke en rolle word toegelaat, mits hulle aan 'n voetstuk van 15 duim by 3 voet by 18 duim vasgeheg is.

(d) Geen voetstuk mag meer as 15 duim by 3 voet by 18 duim groot wees nie in die geval van 'n enkele graf, en in die geval van 'n perseel moet die afmetings 15 duim by 18 duim by die lengte in ooreenstemming met die wydte van die perseel wees.

(e) Geen sypaadjes word toegelaat nie.

(f) Die Raad het die reg om alle grafte in stand te hou.

(g) Elke graf word hoogstens twee blomhouers of glaskranse toegelaat en geen blomhouer of glaskrans mag op enige stuk grond wat met gras beplant is, geplaas word nie.

69. Die vorderings ten opsigte van alle afdelings van die begraafplaas soos omskryf in artikel 68 is soos uitgeset in Aanhsel B, en moet vooruitbetaal word voor teraardebestelling of reservasie.

Strafbepalings.

